basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

REKENINGKUNDE

FEBRUARIE/MAART 2015

PUNTE: 300

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye en 'n 17 bladsy-antwoordeboek.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies sorgvuldig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.

2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy ALLE vrae moet beantwoord.

3. Toon bewerkings om deelpunte te verdien.

4. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.

6. Waar van toepassing moet berekeninge tot een desimale punt bereken word.

7. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n gids wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE hiervan af te wyk NIE.

VRAAG 1: 35 punte; 25 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Begrippe en Rekonsiliasie	**Finansiële rekeningkunde** Versoening van 'n Krediteuregrootboekrekening met 'n rekeningstaat en Bankversoening **Bestuur van hulpbronne** Interne beheerprosesse

VRAAG 2: 35 punte; 20 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Voorraadwaardasie en Interne Beheer	**Bestuur van hulpbronne** Voorraadwaardasie (EIEU) Interne beheerprosesse

VRAAG 3: 75 punte; 45 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Finansiële State: Balansstaat en Notas, Oudit	**Finansiële rekeningkunde** Balansstaat en notas Ontleding en vertolking van finansiële inligting Ouditverslag

VRAAG 4: 75 punte; 45 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Vaste bates, Kontantvloeistaat, Ontleding en Vertolking	**Finansiële rekeningkunde** Kontantvloeistaat Ontleding en vertolking van finansiële inligting **Bestuur van hulpbronne** Bestuur van vaste bates

VRAAG 5: 45 punte; 25 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Kosteberekeninge	**Bestuursrekeningkunde** Produksiekostestaat en notas Ontleding en vertolking van eenheidskoste en gelykbreekpunt **Bestuur van hulpbronne** Interne beheerprosesse

VRAAG 6: 35 punte; 20 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Begroting	**Bestuursrekeningkunde** Kontantbegroting – ontleding en vertolking **Bestuur van hulpbronne** Interne beheer en interne oudit Etiese gedrag in 'n finansiële omgewing

VRAAG 1: BEGRIPPE EN REKONSILIASIE (35 punte; 25 minute)

1.1 BEGRIPPE

Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings deur 'n term uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

uitstaande deposito; geweierde tjek; debietorder; verouderde tjek; oortrokke bankrekening; uitstaande tjek

1.1.1 'n Fasiliteit waar die onderneming meer geld kan gebruik as wat hulle in hulle lopende bankrekening het

1.1.2 'n Item wat as 'n 'onbetaalde' tjek op die Bankstaat aangedui word, sal as 'n … beskou word.

1.1.3 Toestemming verleen aan 'n derde party om outomaties maandelikse betalings uit die lopende rekening van 'n onderneming te ontvang

1.1.4 'n Tjek wat ouer as ses maande is, sal nie deur die bank uitbetaal word nie, want dit is 'n … (4)

1.2 BANKVERSOENING

As die interne ouditeur word jy voorsien van inligting oor die Bankversoeningstaat van Manto Handelaars. Die eienaar is Roy Pollus. Hulle finansiële jaar eindig op 31 Oktober 2014.

GEVRA:

1.2.1 **Verwys na die syfer van R24 000 in Inligting A.**

Die bank het geen bewys dat die R24 000 ooit gedeponeer is nie. Hierdie geld kan nie gevind word nie.

- Verduidelik hoe hierdie verlies in die boeke hanteer sal word. (2)
- Verduidelik hoe Roy so 'n verlies in die toekoms kan vermy. Verskaf TWEE punte. (2)

1.2.2 **Verwys na Inligting A en B:**

Die Bankrekening in die boeke van Manto Handelaars toon 'n debietsaldo van R16 160 op 31 Oktober 2014 voordat enige aansuiwerings in ag geneem is.

Bereken die korrekte saldo in die Bankrekening op 31 Oktober 2014. (6)

1.2.3 Gee 'n gepaste rede vir die volgende inskrywing uit die Bankversoeningstaat:

Kredietbedrag foutiewelik gedebiteer, R2 500. (2)

1.2.4 Die kantoorassistent van Manto Handelaars neem geld uit die kasregister om betalings vir besigheidsuitgawes te maak. Verduidelik waarom dit slegte rekeningkundige praktyk is en verskaf EEN punt van advies aan Roy. (4)

INLIGTING:

A. Uittreksel uit die Bankversoeningstaat op 31 Oktober 2014:

Deposito's nog nie geboekstaaf nie:		
	12 Oktober 2014	24 000
	30 Oktober 2014	12 760
Uitstaande tjeks:		
Nr. 713	24 Oktober 2014	7 880
Nr. 738	15 Desember 2014	15 400
Kredietbedrag foutiewelik gedebiteer		2 500
Saldo volgens Bankstaat		?

B. Die volgende inligting het op die Bankstaat verskyn, maar die boekhouer het dit nie in ag geneem toe die saldo van die bankrekening bereken is nie:

- Die Bankstaat toon 'n onbetaalde tjek vir R2 710 wat van 'n debiteur ontvang is
- 'n Aftrekorder, R1 650, vir versekering
- Die Bankstaat toon tjeknr. 688 as R4 270 (die korrekte bedrag). Dit het foutiewelik as R4 720 in die betrokke Kontantjoernaal verskyn.

Kopiereg voorbehou

1.3 KREDITEUREVERSOENING

NKOMAZI HANDELAARS

'n Rekeningstaat wat op 25 September 2014 van ML Verskaffers ontvang is, toon dat Nkomazi Handelaars hulle R40 271 skuld. Die Krediteuregrootboekrekening van ML Verskaffers in die boeke van Nkomazi Handelaars toon 'n uitstaande saldo van R47 064.

GEVRA:

1.3.1 Bereken die korrekte saldo vir ML Verskaffers in die Krediteuregrootboek van Nkomazi Handelaars. Gebruik R47 064 as jou beginpunt. (8)

1.3.2 Stel 'n Krediteureversoeningstaat op 30 September 2014 op. (7)

INLIGTING:

A. KREDITEUREGROOTBOEK VAN NKOMAZI HANDELAARS
ML VERSKAFFERS (KG7)

DATUM		BESONDERHEDE	FOL	DEBIET	KREDIET	SALDO
2014 Sept	1	Rekening gelewer				34 920
	5	Faktuurnr. 346			11 808	46 728
	7	Debietnotanr. 69		816		45 912
	13	Tjeknr. 207		22 788		23 124
		Korting		3 532		19 592
	14	Faktuurnr. 135			6 929	26 521
	23	Faktuurnr. 378			7 188	33 709
	24	Faktuurnr. 396			8 829	42 538
	30	Faktuurnr. 407			4 526	**47 064**

B. Rekeningstaat ontvang van ML Verskaffers:

ML VERSKAFFERS
REKENINGSTAAT

Mainweg 20 Tel: 013 809 4467
Komatipoort Faks: 086 789 3567
1234 **Datum: 25 September 2014**

REKENING VAN: Nkomazi Handelaars **REKENINGNR: NKZ 689**

DATUM		BESONDERHEDE	DEBIET (+)	KREDIET(-)	SALDO
2014 SEPT	1	Saldo			34 920
	5	Faktuurnr. 346	10 296		45 216
	7	Kredietnotanr. 109	816		46 032
	13	Kwitansienr. 5140		22 788	23 244
	23	Faktuurnr. 378	7 188		30 432
	24	Faktuurnr. 396	9 810		40 242
	25	Rente op oortrokke rekening	29		**40 271**

C. ADDISIONELE INLIGTING:

Met die vergelyking van die staat ontvang van ML Verskaffers en die rekening in die Krediteuregrootboek, is die volgende opgemerk:

(a) Faktuurnr. 346 op 5 September 2014 was korrek volgens die staat van ML Verskaffers ontvang.

(b) ML Verskaffers het 'n fout begaan met die inskrywing van die goedere teruggestuur op 7 September 2014.

(c) Nkomazi Handelaars het gekwalifiseer vir 'n korting op vroeë vereffening met die betaling op 13 September 2014. ML Verskaffers het slegs 'n korting van R2 532 toegestaan. Hulle het onderneem om dit op die staat van die volgende maand te toon.

(d) Faktuurnr. 135 vir R6 929 is foutiewelik in die Krediteure-grootboekrekening van ML Verskaffers getoon. Hierdie aankope was van Mandla Verskaffers.

(e) 'n Handelskorting van 10% is op faktuurnr. 396 afgetrek. ML Verskaffers het dit nie in berekening geneem nie. ML Verskaffers sal hierdie fout volgende maand regstel.

(f) Faktuurnr. 407 het nie op die staat wat van ML Verskaffers ontvang is verskyn nie, aangesien hierdie transaksie na die datum van die staat plaasgevind het.

(g) ML Verskaffers het korrek die rekening met R29 rente belas.

35

VRAAG 2: VOORRAADWAARDASIE EN INTERNE BEHEER (35 punte; 20 minute)

Jankjies Elektronika verkoop LCD-platskermtelevisiestelle. Jane Jankjies is die eienaar van die onderneming. Aangesien sy ander ondernemings besit, kan sy nie dikwels by die winkel wees nie. Marlan Miller is in haar diens om die winkel te bestuur. Die onderneming gebruik die periodieke voorraadstelsel en die eerste-in-eerste-uit (EIEU) -metode om voorraad te waardeer. Die finansiële jaareinde is op 28 Februarie 2015.

GEVRA:

2.1 Bereken die waarde van die eindvoorraad van 145 televisiestelle op 28 Februarie 2015 deur die EIEU-metode te gebruik. (7)

2.2 Bereken die volgende:

- Koste van verkope (6)
- Gemiddelde winsopslag % vir die jaar behaal (4)

2.3 **Verwys na Inligting D.**

Verskaf 'n berekening om te bewys of die inligting wat die skoonmaker gegee het, waar is of nie. (6)

2.4 Jane is bekommerd dat die finale voorraad van 145 televisiestelle nie geskik vir haar onderneming is nie. Verskaf 'n berekening of syfers om haar mening te staaf, en verduidelik. (4)

2.5 Jane het die verkooppryse gedurende die jaar aangepas om nuwe klante te lok. Lewer kommentaar of hierdie strategie voordelig vir die besigheid was of nie. Verskaf syfers om jou antwoord te staaf. (4)

2.6 Verskaf TWEE punte om Jane te help om die interne beheer van die besigheid te verbeter. (4)

INLIGTING:

A. Voorraadsaldo's:

	GETAL EENHEDE	EENHEIDS-PRYS (vraggeld ingesluit)	TOTAAL
1 Maart 2014 (vervoerkoste ingesluit)	70	5 500	385 000
28 Februarie 2015	145	?	?

B. Aankope van televisiestelle gedurende die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2015:

	GETAL EENHEDE	EENHEIDS-PRYS	VRAG-GELD	TOTAAL
Mei 2014	150	R5 000	R18 750	R768 750
Augustus 2014	120	R4 750	R15 000	R585 000
Desember 2014	90	R4 450	R11 250	R411 750
TOTAAL	360		**R45 000**	**R1 765 500**

C. Terugsending na verskaffers:

Drie televisiestelle van die Augustus 2014-aankope was beskadig. Die televisiestelle is aan die verskaffers teruggestuur. Die verskaffers het ook die vraggeld op hierdie items teruggeskryf.

D. Moontlike diefstal van televisiestelle:

'n Skoonmaker het Jane vertel dat hy Marlan daarvan verdink dat hy televisiestelle aan sy familie en vriende weggee.

E. Verkope vir die jaar is soos volg:

	Verkoopprys	Hoeveel-heid	Totaal
Maart tot Julie 2014	R9 100	80 eenhede	R728 000
Augustus tot November 2014	R9 800	30 eenhede	R294 000
Desember 2014	R7 500	150 eenhede	R1 125 000
Januarie tot Februarie 2015	R9 800	16 eenhede	R156 800
		276 eenhede	**R2 303 800**

35

VRAAG 3: FINANSIËLE STATE: BALANSSTAAT EN NOTAS, OUDIT

(75 punte; 45 minute)

3.1 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term/begrip in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1.1	Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom	A	riglyne vir die opstel van finansiële state om konsekwentheid te verseker
3.1.2	Direkteur	B	verantwoordelik vir die instandhouding van rekords en beheer van nuwe en bestaande maatskappye
3.1.3	IFVS ('IFRS')		
3.1.4	Beperkte aanspreeklikheid	C	die onderneming is vir sy eie skulde verantwoordelik en die eienaars is beperk tot die bedrae deur hulle belê
3.1.5	Onafhanklike ouditeur	D	verantwoordelik vir die uitspreek van 'n mening oor die finansiële state van 'n maatskappy
		E	'n verkose lid van die raad wat verantwoordelik is vir die bestuur van die onderneming en vir die implementering van beleid

(5)

3.2 Bargain Handelaars Bpk. is 'n publieke maatskappy wat op die JEB gelys is. Die onderneming het 'n gemagtigde aandelekapitaal van 1 000 000 gewone aandele.

GEVRA:

3.2.1 Stel die volgende notas tot die Balansstaat op:

(a) Gewone aandelekapitaal (7)
(b) Behoue inkomste (10)
(c) Handels- en ander ontvangbare bedrae (10)

3.2.2 Voltooi die Balansstaat op 30 Junie 2014. Waar notas nie gevra word nie, toon ALLE bewerkings tussen hakies om deelpunte te verdien. (28)

3.2.3 Bereken die netto batewaarde (NBW) per aandeel op 30 Junie 2014. (3)

3.2.4 Lewer kommentaar oor die prys aangebied vir die terugkoop van aandele. Haal toepaslike finansiële aanwysers (werklike syfers/verhoudings/persentasies) aan om jou antwoord te staaf. (3)

3.2.5 Die HUB (hoof uitvoerende beampte), Kyle Mason, het die maatskappy oortuig om 'n verdere 90 000 aandele gedurende die volgende finansiële jaar op 31 Augustus 2014 terug te koop. Kyle Mason besit tans 315 000 aandele wat 45% van die uitgereikte aandele beloop.

- Bereken Kyle Mason se persentasie aandeelhouding na die voorgestelde terugkoop van aandele op 31 Augustus 2014. (3)
- As 'n aandeelhouer, verduidelik jou kommer oor die voorgestelde terugkoop van aandele. Verskaf TWEE vrae wat jy vir die direkteure op die algemene jaarvergadering sal vra. (6)

INLIGTING:

A. Op 1 Julie 2013 het uitgereikte aandelekapitaal uit 850 000 gewone aandele bestaan.

B. **Die volgende totale is uit die boeke op 30 Junie 2014 geneem:**

Vaste/Tasbare bates (drawaarde)	?
Vaste deposito: Swan Bank	120 000
Gewone aandelekapitaal (850 000 aandele)	5 737 500
Behoue inkomste (1 Julie 2013)	181 900
Bank	351 200
Lening: Drake Bank	295 000
Handelsvoorraad	355 700
Netto handelsdebiteure (na aftrek van voorsiening vir oninbare skuld)	118 370
Krediteurekontrole	197 000
SAID: Inkomstebelasting (voorlopige betalings)	320 900
Dividende op gewone aandele (tussentydse dividende)	315 000

C. Geen inskrywings is vir die terugkoop van aandele gemaak nie. Op 1 Oktober 2013 het die onderneming 150 000 gewone aandele teruggekoop by sekere aandeelhouers. Alhoewel die markprys van die aandele R9,25 is, het hulle R7,40 per aandeel aanvaar. Hierdie aandeelhouers is nie op tussentydse dividende geregtig nie.

D. Die volgende aansuiwerings is nog nie ag geneem nie:

- Versekering sluit 'n jaarlikse polis van R29 832 in wat op 1 Desember 2013 betaal is.
- Die voorsiening vir oninbare skuld moet met R6 100 verhoog word.
- Ongebruikte verpakkingsmateriaal beloop R9 500.
- 'n Debiteur met 'n kredietsaldo van R11 700 moet na die Krediteure-grootboek oorgeplaas word.
- Die bankversoeningstaat het 'n vooruitgedateerde tjek van R33 000, gedateer 31 Augustus 2014, getoon.
- Die staat van Drake Bank ontvang in verband met die lening het rente gekapitaliseer van R31 200 getoon. Maandelikse terugbetalings is R10 800 insluitend rente. Hierdie terugbetalings sal in 2017 eindig.
- Op 30 Junie 2014 is 'n finale dividend van 40 sent per aandeel verklaar.

E. Netto wins na belasting, nadat die bostaande aansuiwerings in ag geneem is, is as R813 600 bereken. Die inkomstebelastingkoers is 28% van die netto wins voor belasting.

75

VRAAG 4: VASTE BATES, KONTANTVLOEISTAAT, ONTLEDING EN VERTOLKING (75 punte; 45 minute)

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Classico Beperk. Die finansiële jaareinde is op 31 Oktober 2014. Nuwe aandele is op die eerste dag van die finansiële jaar uitgereik.

GEVRA:

4.1 Wat is die hoofdoel van 'n Kontantvloeistaat? (2)

4.2 Verwys na die vastebate-nota onder **Inligting C**.

Bereken die ontbrekende bedrae (aangedui deur **a, b, c** en **d**) in die Vaste/Tasbarebate-nota vir die jaar geëindig 31 Oktober 2014. (9)

4.3 Voltooi die Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 31 Oktober 2014. Toon ALLE bewerkings tussen hakies. (24)

4.4 Die direkteure het meer aandele uitgereik en vaste bates verkoop om die kontantvloei te verbeter. 'n Aandeelhouer, John Meanwell, het hierdie besluite gekritiseer.

In elke geval:
- Verskaf 'n rede om John se opinie te ondersteun.
- Behalwe om die kontantvloei te verbeter, verskaf 'n rede om die direkteure se besluit te ondersteun. (8)

4.5 Bereken die volgende finansiële aanwysers op 31 Oktober 2014:

- Vuurproefverhouding (4)
- Verdienste per aandeel (3)
- Opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang (5)
- Skuld-ekwiteit-verhouding (3)

4.6 Die direkteure stel voor dat die besigheidsbedrywighede in die nuwe finansiële jaar uitgebrei moet word. Een van die direkteure het voorgestel dat die uitbreidings deur 'n lening van R1 000 000 gefinansier word, in plaas van die uitreik van aandele aan die publiek. Haal aan en verduidelik TWEE finansiële aanwysers om sy mening te staaf. (6)

4.7 Bongani is 'n aandeelhouer in Classico Beperk. Hy besit 32 000 aandele wat hy twee jaar gelede teen R4,75 elk aangekoop het.

4.7.1 Bereken die bedrag dividende wat Bongani vir die finansiële jaar geëindig 31 Oktober 2014 sal verdien. (3)

4.7.2 Behoort Bongani met die dividendbeleid van Classico Beperk tevrede te wees? Haal aan en verduidelik toepaslike finansiële aanwysers om jou antwoord te staaf. (4)

4.7.3 Bongani wil sy aandele in Classico Bpk. verkoop en sy fondse in 'n alternatiewe belegging belê. Jy stem nie met hom saam nie. Haal aan en verduidelik EEN toepaslike finansiële aanwyser, behalwe dividende, om hom te ontmoedig om sy aandele te verkoop. Jou antwoord moet die werklike syfer/verhouding/persentasie insluit. (4)

INLIGTING:

A. Die volgende inligting is uit die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 31 Oktober 2014 geneem:

Rente op lening (alles gekapitaliseer)	175 500
Inkomstebelasting	375 000
Netto wins na belasting	975 000

B. Inligting uit die Balansstaat geneem:

	31 Oktober 2014	**31 Oktober 2013**
Bedryfsbates	**4 804 000**	**2 820 000**
Voorrade	1 437 500	1 656 250
Handels- en ander ontvangbare bedrae (sien D)	1 075 000	956 250
Kontant en kontantekwivalente	2 291 500	207 500
Gewone aandeelhouersbelang	**4 450 000**	**4 000 000**
Gewone aandelekapitaal (sien F)	3 450 000	3 150 000
Behoue inkomste	1 000 000	850 000
Lening: Freeport Bank (12% p.j.)	**2 000 000**	**1 375 000**
Bedryfslaste	**1 450 000**	**1 262 500**
Handels- en ander betaalbare bedrae (sien E)	1 450 000	1 262 500

C. Vaste/Tasbare bates:

	Grond en geboue	**Voertuie**	**Toerusting**
Drawaarde aan die begin van die finansiële jaar	**3 000 000**	**660 000**	**?**
Kosprys	3 000 000	900 000	?
Opgelope waardevermindering	0	(240 000)	(52 500)
Bewegings			
Toevoegings teen kosprys	0	0	48 000
Verkope teen drawaarde	**(a)**	**(c)**	0
Waardevermindering	0	**(b)**	(55 500)
Drawaarde aan die einde van die finansiële jaar	**2 500 000**	**446 000**	**(d)**
Kosprys	2 500 000	750 000	258 000
Opgelope waardevermindering	0	(304 000)	?

Addisionele inligting met betrekking tot vaste bates:

- 'n Voertuig is teen sy drawaarde op die LAASTE dag van die finansiële jaar verkoop. Waardevermindering op voertuie word teen 20% p.j. volgens die verminderdesaldo-metode afgeskryf.
- Grond en geboue is teen kosprys gedurende die finansiële jaar verkoop.

D.

Handels- en ander ontvangbare bedrae sluit in:	**31 Oktober 2014**	**31 Oktober 2013**
SAID: Inkomstebelasting	R22 500	0

E.

Handels- en ander betaalbare bedrae sluit in:	**31 Oktober 2014**	**31 Oktober 2013**
SAID: Inkomstebelasting	0	R27 500
Aandeelhouers vir dividende	R450 000	R385 000

F. Besonderhede van die gewone aandelekapitaal:

- Gewone aandelekapitaal aan die begin van die 2014-finansiële jaar het uit 700 000 gewone aandele bestaan, met 'n totale waarde van R3 150 000.
- Op 1 November 2013 is 50 000 addisionele gewone aandele uitgereik teen R6,00 elk.
- Daar was geen ander veranderinge aan die aandelekapitaal nie.

G. Die dividende (tussentyds en finaal) vir die finansiële jaar geëindig 31 Oktober 2014 beloop R825 000.

H. Finansiële aanwysers vir die afgelope twee finansiële jare:

	31 Oktober 2014	**31 Oktober 2013**
Bedryfsverhouding	3,10 : 1	2,23 : 1
Vuurproefverhouding	?	0,92 : 1
Verdienste per aandeel	?	94 sent
Dividende per aandeel	110 sent	75 sent
Opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang	?	15%
Skuld-ekwiteit-verhouding	?	0,34 : 1
Opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend	26%	18%
Netto batewaarde per aandeel	593 sent	571 sent
Prys van Classico Bpk.-aandele op JEB	950 sent	725 sent
Rente op vaste deposito	5,5%	5,5%
Rentekoers op lenings	12%	12%

75

VRAAG 5: KOSTEBEREKENINGE (45 punte; 25 minute)

5.1 PRINCESS BIN-FABRIEK

Princess Bin-fabriek vervaardig een soort huishoudelike blik. Die finansiële jaar eindig op 28 Februarie 2015.

GEVRA:

5.1.1 Stel die Produksiekostestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2015 op. (16)

5.1.2 Stel die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2015 op. (13)

INLIGTING:

A. Die volgende inligting is uit die finansiële rekords op 28 Februarie 2015 geneem:

Administrasiekoste	R 62 930
Grondstof/Direkte materiaalkoste	?
Fabrieksbokoste	256 270
Verkoops- en verspreidingskoste	127 100
Direkte arbeidskoste: Normale tyd	452 000
Primêre koste	1 308 500
Goedere-in-bewerkingvoorraad (1 Maart 2014)	58 500
Goedere-in-bewerkingvoorraad (28 Februarie 2015)	?
Verkope	2 180 000
Koste van verkope	?

B. Die volgende inligting is nie in berekening gebring nie:

- Die fabriek het ses werkers in diens. Elke werker verdien R19 000 oortyd per jaar.
- Ongebruikte indirekte materiaal, R4 500.
- Advertensies (verkoop en verspreiding) sluit R3 720 in vir 'n drie-maande-kontrak wat op 31 Maart 2015 eindig.
- Huuruitgawe is by die syfers hierbo uitgelaat. Totale huur betaal beloop R91 020. Die huur vir Februarie 2015 is nog nie betaal nie. Huur is op 1 Januarie 2015 met R820 per maand verhoog. 75% van hierdie uitgawe moet aan die fabriek toegewys word en die verskil moet na die Administrasiekoste-rekening oorgeplaas word.

C. 46 500 blikke is gedurende die finansiële jaar teen 'n eenheidskoste van R35 vervaardig.

D. Die onderneming gebruik 'n winsopslagpersentasie van 60% op kosprys. Handelskortings van R60 000 is gedurende die finansiële jaar aan kontantkliënte gebied.

5.2 **ROB SE POTLODE**

Rob Lambert is die eienaar van Rob se Potlode, 'n vervaardigings-onderneming wat een soort potlood produseer. Die finansiële jaar eindig op 30 Junie 2014.

Produksie is gebaseer op bestellings ontvang, dus is daar geen goedere-in-bewerkingsaldo's nie.

GEVRA:

5.2.1 Lewer kommentaar op die vaste koste per eenheid. Neem kennis dat vaste koste van R236 800 in 2013 tot R238 000 in 2014 toegeneem het. (2)

5.2.2 Rob wil weet of die vlak van produksie vir hierdie finansiële jaar bevredigend was.

- Bereken die gelykbreekpunt vir die jaar geëindig 30 Junie 2014. (4)
- Beskou jy die vlak van produksie as bevredigend of nie? Haal syfers aan en verduidelik om jou mening te staaf. (4)

5.2.3 Rob is bekommerd oor die bestuur van die veranderlike koste

- Identifiseer EEN probleem met die veranderlike koste. Haal toepaslike syfers aan om jou antwoord te staaf.
- Maak TWEE voorstelle wat hy kan gebruik om die geïdentifiseerde probleem op te los. (6)

INLIGTING:

Finansiële inligting geneem uit die rekords van Rob se Potlode:

	30 JUNIE 2014		**30 JUNIE 2013**	
	TOTAAL (R)	**EENHEIDS-KOSTE (R)**	**TOTAAL (R)**	**EENHEIDS-KOSTE (R)**
Vaste koste	238 000	2,80	236 800	3,20
Veranderlike koste:	998 750	11,75	732 600	9,90
Direkte materiaalkoste	467 500	5,50	296 000	4,00
Direkte arbeidskoste	391 000	4,60	318 200	4,30
Verkoops- en verspreidingskoste	140 250	1,65	118 400	1,60
Verkoopsprys per eenheid		R14,50		R13,50
Aantal eenhede geproduseer en verkoop		85 000		74 000
Gelykbreekpunt (eenhede)		?		65 778

45

VRAAG 6: BEGROTING (35 punte; 20 minute)

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Brakpan Skryfbehoeftewinkel. Die onderneming behoort aan Vukile Radebe en sy vrou, Lydia. Die winkel word bestuur deur Alvin Alberts. Hy het egter 'n werksaanbod van 'n mededinger teen 'n verhoogde salaris ontvang.

GEVRA:

6.1 Verduidelik die belangrikheid daarvan om begrote syfers met werklike syfers vir dieselfde tydperk behaal, te vergelyk. (2)

6.2 Bereken die ontbrekende bedrae (aangedui deur **a, b** en **c**) in die Debiteure-invorderingskedule vir die begrote tydperk Maart tot Mei 2015. (4)

6.3 Bereken die volgende begrote syfers:

6.3.1 Totale verkope vir Maart 2015 (2)
6.3.2 Bedrag vir betalings aan krediteure gedurende Mei 2015 (4)
6.3.3 Salarisse van die winkelassistente vir April 2015 (3)
6.3.4 Die persentasie verhoging in die salaris van die bestuurder wat in Mei 2015 verwag word (3)
6.3.5 Die bedrag van die addisionele lening wat na verwagting op 1 April 2015 verkry sal word (3)

6.4 'n Beampte van die plaaslike munisipaliteit het aangebied om Brakpan Skryfbehoeftewinkel aan te beveel vir die verskaffing van skryfbehoeftes ter waarde van R500 000. Hy sal dit egter slegs doen as Vukile hom R20 000 kontant betaal.

Gee Vukile raad in die verband. Noem TWEE punte. (4)

6.5 Vukile se vrou is woedend omdat hy nie by die kontantbegroting hou nie. Vukile sê hy het doelbewus nie by die begroting gehou nie in 'n poging om die algehele resultate van die onderneming te verbeter.

- Identifiseer DRIE oorbetalings vir April. Verskaf syfers om jou antwoord te staaf. Verskaf 'n geldige rede vir elke oorbetaling om Vukile se besluit te ondersteun. (6)
- Verduidelik hoe hierdie meningsverskil met sy vrou in die toekoms voorkom kan word. (2)
- Noem TWEE ander strategieë wat Vukile en sy vrou in die toekoms kan oorweeg om die resultate van die onderneming te verbeter. (2)

INLIGTING

A. Verkope en debiteure-invordering:

- Die TOTALE verkope vir April 2015 en Mei 2015 word soos volg geskat:

April 2015	70 000
Mei 2015	78 750

- 80% van alle verkope is vir kontant. Die res is op krediet.

- Daar word verwag dat debiteure soos volg sal betaal:

  60% in dieselfde maand as verkope, onderhewig aan 'n 4%-korting
  38% in die maand wat op die maand van verkope volg
  2% van die skuld word afgeskryf in die tweede maand wat op die maand van verkope volg

- **Debiteure-invorderingskedule**

	KREDIET-VERKOPE R	**2015 MAART R**	**2015 APRIL R**	**2015 MEI R**
Februarie	31 500	11 970		
Maart	10 500	**(a)**	3 990	
April	14 000		8 064	**(b)**
Mei	**(c)**			
		18 018	12 054	

B. Aankope van handelsvoorraad en die betaling aan krediteure:

- Die onderneming werk op 'n vastevoorraadbasis waar voorraad wat gedurende 'n maand verkoop is, aan die einde van daardie maand vervang word.
- Die onderneming gebruik 'n winsopslag van 75% op kosprys.
- 70% van alle voorraad word op krediet aangekoop.
- Krediteure word ten volle betaal in die maand wat op die maand van aankope volg.

C. Salarisse:

Winkelassistente

- Die onderneming het 12 winkelassistente wat ewe veel betaal word in Maart 2015. Nege van die winkelassistente is gedurende April 2015 geregtig op 'n bonus gelykstaande aan 80% van die maandelikse salaris.
- Alle winkelassistente sal 'n algemene verhoging in Mei 2015 ontvang.

D. Lening:

'n Addisionele lening sal op 1 April 2015 by Atlantic Bank geneem word teen 14% p.j. rente.

E. Uittreksel uit die Kontantbegroting vir die drie maande geëindig 31 Mei 2015:

	MAART	APRIL		MEI
ONTVANGSTE	**Begroot**	**Begroot**	***Werklike***	**Begroot**
Kontantverkope van goedere	42 000	56 000	***59 200***	63 000
Invordering van debiteure	18 018	12 054	***12 800***	?
Huurinkomste	5 600	6 160	***6 160***	6 160
Addisionele lening bekom	0	?	***?***	0
BETALINGS				
Kontantaankope van goedere	9 000	12 000	***28 000***	13 500
Betalings aan krediteure	58 500	21 000	***21 000***	?
Salarisse van winkelassistente	102 000	?	***?***	110 160
Salaris van bestuurder	16 000	16 000	***40 000***	19 200
Rente op lening (14% p.j.)	6 300	7 175	***7 175***	7 175
Aflewerингskoste (vir aflewerings aan kliënte)	9 200	9 200	***0***	9 200
Versekering (jaarliks betaal)	0	27 000	***27 000***	-
Donasie	0	0	0	20 000
Aankoop van voertuig	0	0	***180 000***	0
Voertuiguitgawes	0	0	***4 000***	4 000
Diverse uitgawes	5 300	5 300	***5 300***	5 800

35

TOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou